



3 is GENOEG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

Biduur: 12-18 Mei 2019

3 STAPPE

2 ANDER

1 GESPREK

'n 3iG-groep is saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

Dit is slegs ek en 2 vriende wat spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier wat elke week wissel-sorg dat ons mekaar daardie week sien.

saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely ook elke oggend en aand **Markus 12: 29-31**-dis Jesus se leuse vir 'n betekenisvolle lewe. Begin by die woord "Luister..." Die woord "Israel" kan jy vervang met "kinders van God".

Die boek Handeling beskryf op indrukwekkende wyse die stelselmatige ontvouing van God se plan. God se plan het die verlossing van mense van regoor die bewoonde wêreld in die oog. Dit wil sê, vanaf Jerusalem tot in Rome en dien as die vervulling Christus se belofte in Handeling 1: 8. In God se heilsplan speel die persoon en werk van die Here Jesus Christus 'n prominente rol as die Bewerker van die heil vir die mensdom en die Heilige Gees is die Waarmaker van die verlossing wat Christus bewerk het in hierdie verhaal. God bepaal die verloop van hierdie heilsplan in die geskiedenis. God het volgens Lukas lankal reeds by monde van die profete in die Ou Testament (3: 18) sy plan van verlossing van die wêreld bekend gemaak. In die toesprake van o.a. Petrus en Paulus word daar herhaaldelik daarna verwys. God het vooraf bepaal dat Jesus aan die Jode oorgelewer sou word, dat hulle Hom sou doodmaak en dat Hy Jesus uit die dood sou opwek. Lees nou teen dié atererond **Handelinge 9:36-43** aandaadig deur.



Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Handeling 1: 8 is God se skema om die evangelie van Jesus Christus die hele wêreld in te dra. Bespreek onder mekaar hoe die evangelie die pynlike werklikhede van siekte en dood in hierdie bedeling raak. Dalk wil jy uit jou eie ervaring van siekte en dood iets hieroor sê. 2. Maak 'n lys van selfs die fynste besonderhede waarvan daar hier melding gemaak word oor die siekte en skok oor die heengaan van Tabita. Vergelyk hierdie hartseer gebeure met die vooruitgang en die suksesse van die gelowiges waarvan daar melding gemaak word in Hand. 9:31. Ondanks die groei van die kerk in Handeling, is daar nog die laaste vyand, die dood, wat 'n impak op gelowiges het. Bespreek hierdie twee kante van die ervaring van 'n geloofsgemeenskap: die groei en sukses aan die eenkant, maar ook die verlamende impak van siekte en dood op 'n geloofsgemeenskap. 3. In die bokamer by Dorkas se liggaam vind Petrus die wenende weduwees, waarskynlik deel van die armes in die geloofsgemeenskap en die bedroefdes wat almal geliefdes aan die dood afgestaan het. Skets vir mekaar 'n prentjie van hierdie gemeente en die onderlinge verhoudings. Wat val julle op? 4. Laat vir 'n oomblik julle verbeelding gaan en stel julleself die vreugde en die blydskap voor toe Tabita voor die weduwees en die ander gelowiges gebring is. Vertel wat jy sou sê, dink en reageer. 5. Gesels oor die troos, heling en blydskap wat die opgestane Jesus vir julle bring.

Geloofsgewoonte: **Maak dissipels:** Dit behels die proses om mekaar toe te rus, op te lei en te bemoedig in die navolging van Jesus. Dit hou in dat ons met mekaar op reis sal gaan en mekaar help om te groei in die verstaan van wie Jesus is vir wie ons navolg. Lees hieroor in 2 Tessalonisense 2: 15; Matteus 28: 19; Johannes 15: 15.



Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Doen-dinge:

1. Probeer 'n prentjie vorm van jou navolging van Jesus oor al die jare deur 'n lewenslyn te trek en dit in te deel in segmente van sewe jaar en skryf dan neer wat in elke tydperk die grootste invloed op jou navolging van Jesus gehad het.
2. Skryf die name neer van almal wat in jou navolging van Jesus 'n invloed gehad het.
3. Skryf nou die name neer van die persone vir wie jy jouself moet gee sodat hulle ook in hul navolging van Jesus kan groei.

Dink-dinge:

1. Hoe weerspieël jy die lewe van Jesus in jou optrede teenoor jou kinders by die huis? Wat sou jy wou hê hulle van Jesus moet leer raaksien in jou lewe?
2. Praat met die Here oor jou begeertes en vrese op die pad van navolging agter Jesus aan.
3. Waartoe, dink jy, wil die Here jou lei?